Ontdek jou unieke lewensroeping (7)



God se droom ...

Opsommend:

- 'n Nuwe mensdom waarin alle mense van elke taal en stam en nasie met God versoen is.
- 'n Nuwe gemeenskap van geregtigheid waarin daar nie meer persoonlike of strukturele sonde is nie.
- 'n Nuwe orde van geregtigheid waarin die armes nie meer onderdruk word nie.
- 'n Nuwe internasionale gemeenskap van vrede waarin die instrumente van oorlog die implemente van vrede word.
- 'n Nuwe gemeenskap van heelheid waarin die blindes sien, die dowes hoor en die besetenes bevry word (waar weerlose kinders nie helder oordag met 'n mes aangeval word nie.)
- 'n Groot fees waaraan alle mense van alle etniese en kulturele agtergronde deelneem en op 'n vreugdevolle manier die teenwoordigheid van God in hulle midde vier.

Bybel praat van God se koninkryk – God se *nuwe wêreld* van liefde, regverdigheid en vrede.

Hoe bereik God sy droom?

God werk op drie maniere.

- As Skepper (Versorger)
- As Regeerder (Onderhouer)
- As Her-skepper (Heelmaker)

Die mense word geroep om op een of ander manier betrokke te wees by God se voortgaande skeppings, regering en heelmakingswerk.

God is die Skepper

Twee skeppingsverhale: Gen 1-2. Die doel van die mens. Die potensiaal van die skepping.

Mens se rol (deelname aan God se skeppingswerk):

- Vorming van mense (kinders, leerlinge): Geboortegewing, versoring, onderwys, opleiding – om mense te help vorm en heel te maak sodat hulle ook kan bydra tot die gemeenskaplike welwese van die mensdom
- Sorg vir die natuur
- Deelname aan die vorming van kultuur (argitektuur, stadsbeplanning / kunste – literêr, beeldende, uitvoerende kunste [drama / musiek / dans]
- Die benutting van ekologiese verantwoordelike landbou en mynbou – die ontginning van die potensiaal van die skepping om lewe te gee.
- Wetenskap en tegnologie ("tracing the thoughts of God")
- Alles wat te doen het met die liggaamlike welwese van die mens: Versorging (Gasvryheidsberoepe ...)

God is die Regeerder

God het 'n wetmatigheid in die skepping ingebou. (Bv. motor – kan dit vir baie gebruik, maar dan moet dit reg gebruik word, anders: skade) Net so het die Skepper die skepping met geweldig baie potensiaal geskep – maar dan moet ons aktiwiteite in lyn wees met die wetmatighede van die skepping.

("Net liefde kan werk") Konsep van sonde.

Skeppingsverhaal: die mense moet die skepping "oppas".

Mens se rol (deelname aan God se regeringswerk)

- alles wat help om 'n ordelike en regverdige samelewing te skep.
- balans tussen individuele vryheid en welwese van gemeenskap.
- bolwerk te vorm teen die selfug, gierigheid, magsmisbruik (alle vorme van misdaad)
- enige vorm van misdaadvoorkoming – ouerlike gesag / dissiplinering van kinders – die hele wetstoepassingsisteem: polisiëring, sekuriteitswerk, vervolging (polisie, regs, korrektiewe dienste)
- die wetmakingsisteem – regering op verskillende vlakke.

God is die Heelmaker (Her-skepper)

Gen 3 Die sonde van mense breek die skepping stukkend. Mense leef in stukkende verhoudings, stukkende lewensomstandighede, stukkende liggame.

Radikale self-opofferende liefde: Fil 2. Ontwikkeling van 'n dienskengingesteldheid.

Plaas onself aan die kant van die kantlyn-mense.

- Alle mediese beroepe.
- Alle sielkundige beroepe.
- Gemeenskap (maatskaplike werk ens.)
- Werk met agtergeblewenes, minderbevoorregtes

Iewers moet ons ons roeping ontdek. Ons roeping behels dat ons op een of ander manier met God saamwerk om sy droom te verwesenlik.

Stap Een: Gaan kyk in welke mate ons ander mense se agenda vir ons uitvoer in stede van God se agenda

Stap Twee: Gaan kyk in welke mate ons wêreldkonsep in ooreenstemming is met die Bybelse wêreldkonsep. (God se droom vs Westerse Droom)

Stap Drie: Bestudeer die drie werksaamhede van God – ondersoek jou konteks: identifiseer nood en leemtes en geleenthede. (Nie slegte idee om Ontdek jou Plek te doen nie.)

- Lewenstapiserie